Leefkuns

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Familie

## Markus 3:31-35

*Wie is jou famile? Miskien dink jy dit is net jou gesin - jou ma en pa en broers en susters. Dalk jou eie kinders ookal.*

*Hulle is beslis jou (bloed)familie, maar die groter (geloofs)familie waarvan jy en jou gesin ook deel is, is God se familie. "Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder"(v35)*

*Met hierdie woorde gee Jesus 'n nuwe definisie van familie. Dit beteken dat ons elke mens wat elke dag ons pad kruis, moet hanteer asof hy of sy ook aan God se familie behoort en kan behoort. Ons behooert elke mens met respek, liefde en onvoorwaardelike aanvaarding te hanteer.*

*Dit is nie maklik jie, maar die opdrag is duidelik.. (Bybel 24/7)*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou ewe in?*

*Wat kan julle as gesig uit hierdie storie neem?*

*Watse leefkuns het Jnatan hier geoefen*

*Wat kan jy baat , sou jy meer waagmoedig wees?*

***Familie:***

*'n eenheid waarin mense leef en vir mekaar sorg.*

***Alternatiewe definisie:***

*Elkeen wat die wil van God doen, is een (geloofs)familie.*

# Familie

Verwerp Jesus sy eie moeder en familie?

Watter plek en watter invloed het die gemeenskap in dir manier hoe ek my geloof uitleef?

• In die groot stede bevorder die oorbevolking vandag individualisme wat in stryd is met die lewe van die gemeenskap. Wat kan ek doen om dit teen te werk?

Hoe versoen 'n mens persoonlike liggaamlike veiligheid met gemeenskapsbetrokkenheid in hierdie stedelike gebiede en met ons huidige epedemie?

**Jesus herinner sy dissipels daaraan dat daar 'n verwantskap is wat voorrang geniet bo bloedverhoudinge.**